

Tuks moet hom staal vir Centurion

Morris Gilbert

Die enigste onoorwonne span in die Superliga, UP-Tuks, sal vir seker ag slaan op die waarskuwing wat Centurion die afgelope Saterdag op sy tuisveld gerig het.

Centurion wag Saterdag op sy tuisveld op UP-Tuks, wat alles in die stryd salwerp om die eerste ronde van die Superliga met 'n sewende agtereenvolgende sege af te sluit. Uit die stervertoning wat Centurion teen Quins-Bobbies gelewer het, weet UP-Tuks dat net 80 minute se gedissiplineerde patroonrugby eerder as hul paaan-geërstatus die verskil tussen wen en verloor sal maak.

Daar is ook 'n ander rede waarom die uitslag vir veral UP-Tuks van groot belang is. Die wedstryd dien ook as 'n Carltonliga-bepaling wat as deel van die Superliga beslis word. UP-Tuks is tans tweede op dié puntelys (10), twee minder as Naka Bulle in die eerste plek.

Die feit dat daar dié seisoen geen Carltonbeker-eindstryd beslis word nie, maak van die eerste plek op die puntelys ná die tweede ronde die eerste en enigste prys.

Naka het reeds sy Carltonliga-bepalings afgehandel. Hy het net teen UP-Tuks verloor, maar daarna groot oorwinnings teen eers Centurion en toe QBR behaal.

Centurion se vernuftige agterlyns spel was die groot glanspunt van die sege met 45-22 teen QBR. Die agterspelers het nie net al die punte aangeteken nie, maar ook met groot vernuf die een bres ná die ander in die QBR-verdediging geslaan.

Die vraag is egter nie of UP-Tuks agterlangs sy man sal kan staan nie. Hy kan. Die besoekers se grootste uitdaging gaan eerder wees in watter mate hy strafskoppe teen hom kan beperk, want teen sowel Impala as Springs het ongedissiplineerde spel UP-Tuks se momentum en ritme onnodig in die wiele gery.

Die enigste ander wedstryd die naweek is in Rustenburg waar Impala teen Naka te staan kom. Dit behoort 'n bulstryd op te lewer, want Impala het soos Naka nog net teen UP-Tuks verloor.

■ In die ander wedstryde wat die afgelope Saterdag op Centurion se velde beslis is, het die tuispan se naasbestes met 45-42 gewen. QBR se derdes was met 28-14 baas.

■ Die HS Oos-Moot het sy spoggerige nuwe klubhuis die afgelope Saterdag met die wedstryde teen Ben Vorster van Tzaneen ingewy. Hoewel die wedstryd tussen die twee eerste rugbyspanne sjampanjerugby opgelewer het, was dit die besoekers wat laaste gelag het. 'n Strafdool in beseringstyd het Ben Vorster met 52-50 laat wen.